VAN ONS SUSTERS

SUSTERSBYEENKOMS

Ons Susters se eerste byeenkoms vir 2018 vind plaas op Dinsdagaand om18:30 in ons saal.

Besonderhede verskyn in volgende week se ***Op die Kerkwerf***.

VAN ONS DIAKONIE

Inkomste en uitgawes vir Desember 2017

Ons uitgawes vir Desember 2017 was R 29 242, terwyl ons inkomste R 24 320 was.

Met die vakansie wat verby is vra ons ons lidmate se besondere ondersteuning vir die **DIAKONIE SE KOSKAS.** Dankie vir elkeen wat met hierdie projek help.

Die Diakonie versoek vriendelik of daar lidmate in die gemeente is wat sou bereid wees om Sondae die bussie te bestuur om bejaardes op en af te laai. As daar genoeg deelnemers is sal dit hooguit 1 keer elke 2 maande wees. Jy kan jou naam op gee by Gert Kruger ☎ 072 314 5534 of by die Kerkkantoor, sodat 'n bussielys opgestel kan word.

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag

28 Jan	**Jozelle Smit,** Molenstraat 20, 'n 084 885 9811
30 Jan	**Biggs Badenhorst,** Mandiwoonstel 1, ☎ 060 879 5524
	Lenie Bouwsema Walter Sisulustraat 342B, ☎ 083 511 8643
1 Febr	**Danielina de Wet,** Meulstraat 20, ☎ 082 377 2461
2 Febr	**Daniel Vorster,** Lanyonstraat 9, ☎ 018 290 5646

Kom drink lekker tee/koffie na die oggenddiens.

Susters van wyke B1 en B2 versorg vandag die tee. Wyksuster van B1 is **Sonja Venter** en B2 is **Lenie Bouwsema**.

Ons vra dat lidmate van hierdie wyke ook kom help.

Ons nooi nuwe lidmate om te kom om kennis te maak.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 2 Sondag 28 Januarie 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Gert Meyer** A1, A2 is vakant, diakens vir wyke A1 en A2 is albei vakant.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **B1 en B2.** Wyksuster van B1 is **Sonja Venter** en B2 is **Lenie Bouwsema**. **Lidmate van dié wyke word gevra om te help.**
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke A5 en A6. Ouderlinge is **Johan du Plessis A5** en **A6 is Paul Jaco Schutte.**
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **4 Februarie** ry **Ruan Drijfhout** 082 924 6812

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Mattheus 4:17-5:12
Fokusgedeelte: Mattheus 5:3
TEMA: ***Bedelaars wat die koninkryk van die hemel ontvang.***
SING: Skrifberyming 16: 1, 2, 9, 10 (Tema 11 - 3); Psalm 145: 1, 8 – 10; Psalm 34: 4, 8; Psalm 146: 5, 6; Psalm 72: 1, 2, 6.

AAND: Skrifgedeelte: Eksodus 14:1-31
Fokusgedeelte: Eksodus 14:28-30
Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 34
TEMA: ***Deur die doop bewys die Here aan ons dat ons in die kerk opgeneem word en van die ongelowiges onderskei word***
SING: Psalm 135: 1, 5, 6, 8; Psalm 136: 3, 11 – 13; Psalm 100: 1 – 4.

LIEF EN LEED

Minke Kruger is opgeneem in Mediclinic. Ons dink in ons gebede aan haar en Gert ☎ 082 6996591

Dagboek
4 Febr: **Kerkraad vergader na aanddiens**
Diakonie vergader om 16:00
6 Febr: **18:30 Susters**

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Dankbaarheidsfonds**
Volgende week is die kollekte die oggend vir Jeugsorg

Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens.**

KATEGESE

Vandag moet julle **Les 2** en **Psalm 31: 1** ken.
Volgende Sondag moet julle **Les 3** en **Psalm 33: 6** leer.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 16:00 – 16:40

BYBELSTUDIES

Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Ons Bybelstudies hervat weer vir die komende jaar.
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:00 in konsistorie.

VERGADERINGS

31 Januarie: Sangkommissie vergader om 17:30.

4 Februarie: Kerksraad vergader na die aanddiens.

Diakonie vergader om 16:00 in die saal.

5 Februarie: Beplanningskommissie vergader om 17:30

6 Februarie: Sustersbyeenkoms om 18:30 in kerksaal.

11 Februarie: Voorbereidingdiens vir nagmaal.

Kerkraad en Diakonie vergader na die aanddiens

18 Februarie: NAGMAAL en gemeente-ete

HAMBURGERBRAAI

Baie dankie aan almal wat ons hamburgerbraai Vrydagaand ondersteun het. Die fondse gaan vir ons diakens se dienswerk. Onthou om volgende keer lekker te kom eet en saamkuier.

KERKRAAD EN WYKSUSTERSBEPLANNING OP 30 JANUARIE

Ons verskuif hierdie geleentheid na nagmaal aangesien die tyd bietjie knap is voor die ouderlingevergadering.

ONDERWYSVERENIGING

In November 1994 is 'n onderwysvereniging gestig, hoofsaaklik deur lidmate van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, met die doel "*... om ter nakoming van die doopbelofte en in gehoorsaamheid aan die eise van die Woord van God, gereformeerde onderwys te bevorder deur:*

- *die bekendstelling van die beginsel van gereformeerde onderwys in die algemeen;*
- *die bevordering van die gereformeerde onderwys in die bestaande onderwys-/opvoedkundige inrigtings;*
- *die daarstel van gereformeerde opvoedkundige inrigtings (hierna genoem skole) waar daar nie bestaande gereformeerde onderwys is nie."*

Hierdie vereniging het deur die jare onder verskillende name bekendgestaan, maar voortaan as die **PCO** *(Potchefstroomse Christelike Ouervereniging).* Enige volwassene wat die doelstellings en grondslag aanvaar en 'n jaarlikse fooi van R200 (of R100 vir 'n tweede gesinslid) betaal, kan lid word van die vereniging. Die grondslag van die vereniging is die bekende reformatoriese belydenisskrifte.
Die PCO het die afgelope 22 jaar hoofsaaklik op sy derde doelstelling gefokus, naamlik die daarstelling van 'n onafhanklike skool, naamlik Totius-Akademie. Genoemde skool behoort aan die PCO en doen tans die vereniging se administrasie. Totius-Akademie aanvaar leerders van verskillende denominasies, maar bied spesifiek Christelike onderrig vanuit 'n reformatoriese perspektief aan.
Die vereniging se doelstellings is egter veel wyer as om Totius-Akademie te steun en beleid te bepaal. In die lig van onlangse verwikkelings in die onderwys, waaronder die uitspraak van die Noord-Gautengse Hooggeregshof op 27 Junie 2017 dat openbare skole nie uitdruklik enige spesifieke godsdiens mag bevorder nie, wil die vereniging opnuut sy ander doelstellings bevorder. Die vereniging praat ook tans met belangrike rolspelers in Potchefstroom om nuwe inisiatiewe vir 'n onafhanklike skool in Potchefstroom te onderneem.
Ons nooi belangstellendes uit om by die PCO aan te sluit. Die vereniging is nie slegs vir ouers van skoolgaande kinders bedoel nie, maar vir enigiemand wat gereformeerde onderwys wil uitbou. Aansluitingsvorms kan verkry word deur navraag te doen by totiusakademie@outlook.com, of by die volgende persone: Prof Paul Krüger & Dr. Magda Pelser-van der Merwe.

Die volgende broeders is beroepbaar gestel:

	Selnommer	E-posadres
Prop JAG Henning (Kosie)	079 913 6466	kosiehenning@gmail.com
Prop JN Hibbert (Josef)	074 172 7297	josefhibbert@gmail.com
Prop JPL van Jaarsveld (Vickus)	074 932 1238	vickvj1@gmail.com
Prop Sang Eun Kim	076 853 2171	solaprochristo@hotmail.com

TERUGVOER SINODE 2018

Hierdie is ’n bondige seleksie uit die besprekings en besluite wat geneem is op Sinode 2018.

Taalbeleid

Die sinode het ’n rapport ontvang van die Deputate vir die bevordering van eenheid op meerdere vergaderings. Hulle aanbeveling is dat Engels as die sg. besigheidstaal van die sinode dien. Alles vind dus in Engels plaas. Die sinode het dit na bespreking verwys na ’n kommissie. Die kommissie se voorstel was dat almal in hulle moedertaal kan praat. Dat tolking dan vanuit die betrokke moedertaal in Engels sal plaasvind sonder die gebruik van oorfone. Dit sal die outydse tolkingsmetode behels waar iemand elke keer by nabaat vertaal wat gesê is. Daar is besluit om hierdie metode te volg by 2021 se sinode.

Verhouding NWU en TSP

Daar is ’n ooreenkoms rakende teologiese opleiding tussen die GKSA en die PU vir CHO wat van 1945 af gestrek het en weer in 2006 hernu is met die NWU. Die Fakulteit Teologie van die NWU (FT) het uit eie beweging besluit om steeds teologie te beoefen op reformatoriese grondslag. Dit het dit moontlik gemaak vir die hernuwing van hierdie ooreenkoms. Deel van die ooreenkoms behels dat indien die NWU persone in die FT sou benoem vir aanstelling dit in oorleg met die kerke gedoen sal word.

Die kerke word deur die kuratore van die Teologiese Skool in Potchefstroom (TSP) verteenwoordig. Die FT het besluit om ’n leerstoel in te stel wat Pentakostalisme bevorder. Die kuratore het dit ten sterkste teëgestaan as strydig met die reformatoriese teologie. Uiteindelik het die FT eensydig besluit om die leerstoel wel in te stel en hulle het ook ’n persoon van Pentakostalistiese oortuiging vir die leerstoel benoem. Dit was ’n eensydige verbreking van die ooreenkoms. Die kuratore het tot die gevolgtrekking gekom dat die NWU en die kerke se beskouing van die ooreenkoms ingrypend verskil. Verdere spanning is veroorsaak deur die NWU wat eensydig besluit het om ’n nuwe dekaan vir die FT aan te stel sonder om die kerke hierin te ken. Vir die eerste keer sedert die ooreenkoms in 1945 gesluit is, is die dekaan van die FT nie Gereformeerd nie.

Die Sinode het kennis geneem hiervan en die nuwe kuratore opdrag gegee om die saak verder te hanteer en alles in hulle vermoë te doen om die bestaande ooreenkoms te handhaaf of sekere punte daarvan te heronderhandel. Die kuratore moet egter ook ondersoek doen na die noodsaak en vereistes om die TSP as ’n hoëronderwysinstelling te registreer indien alle pogings skipbreuk sou lei.

Verder is die sinodale raming vir die NWU verander na ’n raming vir die ondersteuning van ons teologiese studente.

Vrou in die besondere dienste van ouderling en predikant

Daar het verskeie beswaarskrifte en beskrywingspunte op die sinode gedien rakende die vrou in die besondere dienste van ouderling en predikant. In sommige gevalle is dit afgewys aangesien daar al vorige besware met dieselfde inhoud reeds gedien het en afgewys is. In ander gevalle is die inhoud behandel en ook deur die sinode afgewys.

Liedere

Die Sinode het ’n rapport van Deputate Liturgiese sake ontvang waarin die grootste gedeelte van die NG en Hervormde kerke se Liedboek vir goedkeuring voorgehou is. Hierdie beweging om artikel 69 van die Kerkorde te verander het al by Sinode 2006 ontstaan en het daarop uitgeloop dat Sinode 2012 ’n raamwerk daargestel het vir die keuring van sg. Skrifgetroue liedere. Ons kerkraad het duidelike besluite in die verband geneem dat ons net Skrifgebonde of teksgebonde liedere in die erediens sing. M.a.w. Psalms en Skrifberymings.

Deputate Ekuminisiteit

Dis veral ons bande met gereformeerde kerke in die buiteland wat van groot waarde is. Die mees hegte bande noem ons ekumeniese eenheid. Dit beteken dat daar onderling geattesteer, gepreek en selfs beroep kan word. Hierdie kerke strek tot by Nieu-Zeeland, Australië, Korea, Brasilië, Nederland, Skotland, die VSA en verskeie lande in Afrika.

CO Deputate

Daar is ’n deeglike bewustheid van die krisis waarin skole tans verkeer. Daar is weer Christelike Onderwys deputate benoem om kerkrade, opvoeders, ouers en kinders by te staan in die lig van moontlike regsgeskille.

Admin Buro

Dit het weereens duidelik geword hoedat agterstallige ramings ’n ingrypende invloed het op die versorging van emeriti. Ons kan met dankbaarheid rapporteer dat die fondse wat deur die Admin Buro bestuur word mooi gegroei het die afgelope tyd. Daar is ook drastiese aanpassings gemaak met betrekking tot die grootte van deputate groepe en die gereeldheid van vergaderings om kostes te besnoei. In dieselfde asem kan ons ook noem dat die Deputate Sinode opnuut ondersoek gaan instel oor die wyse waarop die Sinode vergader in ’n poging om kostes te besnoei.

4